

**Saterdag 8 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 8:1-21**

**Fokusgedeelte: Spreuke 8:1-11 (1933/53-vertaling)**

**Wysheid praat vir haarself – wat het “sy” te sê?**

**V**eral word in Spreuke 1 tot 9 wysheid as baie waardevol voorgestel en moet die jongmense wat die toekomstige leiers sal wees, tot hierdie wysheid aangetrokke wees. Wysheid word hier as 'n aantreklike vrou voorgestel. Sy praat soos 'n mens. Hoofstuk 8 wil vir alle mense, maar dan veral ook die jongmense, 'n hele paar kerntemas saamvoeg in wat sleutel terme vir ons lewe moet wees.

Hierdie wysheid roep soos 'n mens na iemand anders roep. Wysheid het altyd 'n stem waarmee sy jou na haar wil roep. Dis 'n roepe in sekerheid, dis ook 'n openbare roepstem. Sy wil nie dinge vir jou wegsteek nie. Sy roep vanaf die hoogtes en sy staan ook by die kruispunt van die paaie. Daar waar baie mense, reisigers, boere, soldate daardie pad kruis, moet hulle haar hoor. Dit is hierdie wysheid in die openbare domein wat 'n hele gemeenskap en gemeente kan hervorm. Hierdie roepe in die openbaar wil tegelyk elkeen in sy eie persoon nader roep. Sy roep na manne, maar sy wil haar stem tot elke mensekind rig.

Daar is inderdaad soveel skatte wat sy kan aanbied. Daarom dat sy in vennootskap met die mense wil tree. Sy waarsku ons dat ons so maklik dwaas kan handel. Daarom roep sy haar kinders, die jongmense, met woorde wat betroubaar is. Tegelyk wys sy daarop dat ons lewe in 'n wêreld waar onbetroubare woorde en leuens, slinksheid en valsheid so dikwels ons kan mislei. Haar waarheid is ver bo die waarde van die kosbaarste edelmetaal. Silwer en uitgesoekte goud kan nie hiermee vergelyk word nie. Selfs geen koraal kan nie daarmee vergelyk word nie.

In hierdie wysheid het Christus gespreek. Soos wysheid hier in Spreuke 'n persoon word wat tot ons spreek, so besef ons Christus het méér as hierdie Persoon geword. Hy wat mens geword het, het wysheid gespreek. Hy wat ook vir ons geword het die Wysheid uit God (1 Kor. 1:30).

*Sing: Psalm 34-1:6*

*Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)*